# NOTULE VAN DIE TWEEDE VERGADERING VAN DIE KONVENT VIR EENHEID WAT GEHOU IS TE BRACKENFELL, BELLVILLE, OP 22 EN 23 JUNIE 2004

## Dinsdag 22 Junie 2004

### 1. OPENING

Die Konvent word om 09:30 met samesang begin nadat Hannes Koornhof almal welkom geheet het. Daar word besluit dat alles wat in Afrikaans gepraat word ook in Xhosa getolk sal word. Daarna word uit Filippense 1:27–2:11 gelees en vind daar gesprekke en gebede in die kleingroepe plaas.

### 2. KONSTITUERING

Die veranderings tov die afgevaardigdes van die verskillende sinodes word deur die skribas gestel en die vergadering word as behoorlik gekonstitueerd verklaar. Alle veranderings sal in die notule gereflekteer word. Pieter Grove verklaar die vergadering, na die voorlegging van die skribas, as amptelik gekonstitueer. [Die volledige lys van afgevaardigdes word as **Bylaag 1** aangeheg.]

### 3. VERWELKOMING EN INLEIDING DEUR DIE DRIE VOORSITTERS

Pieter Grove, Moderator van die VG Kerk, maak enkele inleidende opmerkings rondom die noodsaaklikheid van kerkeenheid en die oortuiging rondom kerkeenheid wat deur die onderskeie kerke gedeel word. Hoewel almal rondom die imperatief van kerkeenheid saamstem, word die praktiese uitvoering daarvan om verskeie redes verhinder. Die oproep tot eenheid moet nie alleen die toekoms bepaal nie, maar moet ook die pynlike verlede in ag neem. Die Heilige Gees sal die kerk moet lei vanuit ‘n verlede van verdeeldheid na ‘n toekoms van versoening. Dit sal alleen moontlik wees deurdat God dit self laat gebeur. Ons leef immers in die tydperk tussen die kruis van Christus wat ons verlede bepaal en sy wederkoms wat verantwoording van ons sal vra. Ons is op pad na God se toekoms en die imperatief wat Hy stel.

Hansie Schutte, Moderator van die NG Kerk van Oos-Kaapland, wys die Konvent daarop dat almal bloedfamilie van mekaar is en dat die doel van die saamwees is om mekaar beter te leer ken en regtig na mekaar se harte te luister. Dit is veral belangrik om na God se hart te luister. Die naam van die Verenigende Kerk wys daarop dat die kerk ‘n doel en ‘n droom, ‘n visie en ‘n missie het. Dit naam wys ook daarop dat die herenigingsproses nog nie voltooi is nie. Die saak van die hereniging is ‘n saak waarvoor hy persoonlik sal gee. Die eenheid van die NG Kerk-familie dring ook die Sinode van Oos-Kaapland wat hulle erns rondom eenheid op verskeie terreine al bewys het. Die Koninkryk van God kan die verskeurdheid van die NG Kerk nie meer duld nie. Die situasie in die land vra ook dat die herenigingsproses moet spoed kry. Hy verwys ook na die situasie wat Sagaria in die gesig gestaar het en die hoop en moed wat die profeet moes deurgee.

Hannes Koornhof, Moderator van die NG Kerk in SA, wys in sy inleidende opmerkings op die feit dat die drie kerke sedert die laaste vergadering van die Konvent nader aan kerkeenheid gekom het. Tegelykertyd het die drie kerke egter ook besef dat die proses tot kerkeenheid kompleks en ingewikkeld is. Die uitdaging is egter om mekaar se verbintenis tot eenheid te aanvaar en nie mekaar se integriteit te bevraagteken nie. Die belangrikheid van kommunikasie en bereidwilligheid om werklik te luister, word onderstreep. Hy wys op die besluite wat die NG Sinode van Wes- en Suid-Kaapland rondom kerkeenheid geneem het. Belhar moet deel vorm van die belydenis van die nuwe kerk. Die besluit rondom die vyf

sirkels is ‘n poging om die groter eenheidsproses te probeer dien en geensins om afbreek te doen aan die posisie van die Belharbelydenis nie. Eenheid sien op strukturele eenheid. Die voorstel rondom ‘n gesamentlike sinode is ‘n poging om groter uitdrukking aan eenheid in Kaapland te gee en die eenheidsproses in die land te probeer aanhelp. Hy vra ook die VGK om verskoning vir die ongelukkigheid wat die NG Kerk verlede jaar veroorsaak het met die eensydige aanstelling van 'n predikant in die Jeugkommissie en maak enkele opmerkings rondom die prosesse wat gevolg is. Foute wat gemaak word, is 'n toets vir die aanvaarding van mekaar se verbintenis tot eenheid. As vertroue bestaan, kan kerke mekaar se foute vergewe en daaruit leer op die pad na eenheid. Naas die feit dat daar ‘n soeke is na groter eenheid, is daar egter ook die realiteit dat die kerke nog afsonderlik is en daarmee moet ook rekening gehou word.

## 4. FOKUS EN STORIEMUUR: GEDEELDE STORIES VAN PYN EN HOOP

Die eerste dag fokus op die bou van onderlinge verhoudinge en vertroue. Gesprek word gevoer oor die aangaan van ‘n nuwe verbintenis tot kerkhereniging. Ruim tyd word tydens die sessies gegee om in kleiner groepe te praat oor sake soos:

- Die pad waarlangs die proses van hereniging tot hier geloop het;
- Die vordering wat ons gemaak het en wat ons daaruit kan leer;
- Die foute wat gemaak is en wat deurgepraat moet word om vertroue te herstel;
- Die lesse wat ons uit ons foute kan leer;
- Die bou van vertrouensverhoudings.

Frederick Marais neem die vergadering deur ‘n proses wat bekend staan as ‘n storiemuuroefening. Die stories van die verlede word vertel sodat die negatiewe en die positiewe van die verlede uitgelig en gehanteer kan word. Die tydperk 1975 – 2005 word gedek. Die stories gaan oor beide die kerklike (VG en NG Kerk) en die persoonlike stories. Nadat die verskillende stories met mekaar gedeel is, is daar aan die volgende vraag aandag gegee: Wat het jy geleer toe jy na die stories van mense uit die ander kerk geluister het?

Chris van Wyk verwys na die groepbesprekings na die hooftrekke van die verskillende tydvakke. Daarna vra hy die verskillende groepe om vanaf die huidige Konvent terugwerkend die vraag te probeer beantwoord oor wat gebeur het wat tot die huidige Konvent aanleiding gegee het. Hy begelei die groepe verder met die skryf van ‘n fiktiewe storie rondom ‘n “helse” Konvent wat die slegste moontlike scenario sou laat werklikheid word. Dieselfde proses word gevolg rondom die skryf van ‘n “hemelse” konvent. Die groepe word versoek om ‘n lys rigtinggewende beginsels op te stel vir beide die “helse” en “hemelse” scenarios.

Na aanleiding van die proses word twee stelle kernwaardes opgestel wat behulpsaam gaan wees met die besluitnemingsprosesse. Die volgende kernwaardes is geïdentifiseer:

### 4.1 Rigtinggewende waardes

**Ons sal ...**

- **verbonde bly aan God se roeping tot kerkhereniging,**
- **gesprek bly voer tot op gemeentevlak,**
- **mekaar se verskille vier, respekteer en verdra,**
- **mekaar onvoorwaardelik aanvaar en vertrou,**
- **mekaar vergewe,**
- **mekaar se belange dien.**

**1. Doelgerigte verbondenheid aan die roeping tot kerkhereniging deur leiers en lidmate.**

- § Commitment van leierskap en lidmate
- § Die wil tot verandering
- § Positiewe benadering
- § Geloofswaagmoed
- § Passie
- § Vertel mooi stories
- § Verantwoordelikheid
- § Eienaarskap
- § Konfronteer die moeilike dinge
- § God het ons vir mekaar gekies
- § Gedeelde roeping
- § ‘n Paar mense moet dit dryf (gefokusde energie)
- § Duidelike eenvoudige doelwitte
- § Tydskaal
- § Hou by besluit
- § Volhardende gebed
- § Vrug van die Gees
- § Afhanklikheid van God
- § Identiteit in Christus
- § Skriftuurlike getrouheid
- § Gehoorsaamheid aan die Heilige Gees
- § Visie op die uitbou van die koninkryk

**2. Deelnemende interaksie en kommunikasie tot op gemeentevlak.**

- § Strewe na eensgesindheid deur openhartig en opreg te praat, in-lewend te luister en begrypend te wees
- § Gesprek
- § Gereelde kontak met mekaar
- § Luister na mekaar en na God
- § Inligtingsessies
- § Grondvlak
- § Deernis met stadiges/geringes
- § Inklusiwiteit
- § Na mekaar en na buite gerig
- § Konkrete diens
- § Maak eenheid sigbaar
- § Leerbaarheid
- § Vriendelikheid

**3. Lewe met liefdevolle verdraagsaamheid en respekvolle viering van die diversiteit onder ons.**

- § Respekteer verskille
- § Sensitiwiteit

**4. Strewe na wedersydse onvoorwaardelike aanvaarding van en vertroue in mekaar**

- § Vertroue bou met geloofwaardigheid
- § Optimale twee-rigting kommunikasie – lidmate volledig inlig
- § Vereenvoudigde strukture
- § Deursigtigheid
- § Leerbaarheid
- § Bly bou aan vriendskap en verhoudinge
- § Konfronteer die moeilike dinge
- § Onvoorwaardelike liefde
- § Absolute roekelose eerlikheid
- § Dringendheid
- § Eerlikheid
- § Leef met integriteit
- § Eerlike terugblik om reg te maak – belydenis

**5. Vergewensgesindheid en die bereidheid om te bely as ons verkeerd was.**

- § Vergifnis – vergeet die verlede
- § Onthou – foute en vermy dit
- § Bereid om te bely as ek verkeerd was

**6. Lewe met 'n nederige Christusgesindheid wat die ander se belange dien en bereid is om op te offer.**

- § Vermy die foute van die verlede
- § Prysgawe twv eenheid
- § Dienskneggestalte

Die vergadering versoek dat die waardes in eenvoudige taal en in Engels beskikbaar gestel sal word.

Voordat die vergadering oorgaan om die agenda te behandel, word ruim geleentheid binne die kleingroepe vir gebed gegee.

## 5. HANTERING VAN AGENDA

### 5.1 Belydenisgrondslag

Die Voorsitter, Hannes Koornhof, wys daarop dat die vorige Konvent besluit het dat 'n eietydse uitleg van die Belhar belydenis daargestel moet word. Piet Naudé lei die gesprek in aan die hand van die gespreksdokument "Vervangende Bylaag I: Belydenis van Belhar" en "Bylaag J: Inleidende Opmerkings by die Begeleidende Brief – Belydenis van Belhar". Hy wys daarop dat die bedoeling van die vorige Konvent baie duidelik was nl gesamentlike lees, gesamentlike erkenning en uiteindelik gesamentlike belydenis van Belhar. Bylaag I is nie die eerste kommentaar van Belhar nie. Daar is reeds in 1986 so 'n kommentaar versprei. Bylaag I is ook sodanige kommentaar, net binne 'n ander konteks met ander lesers. Die bedoeling is dat die vergadering die dokument sal bespreek en kommentaar daarop sal lewer.

Piet Naudé verwys eers na "Bylaag J: Inleidende Opmerkings by Begeleidende Brief – Belydenis van Belhar". Die kleingroepe kry geleentheid om oor hierdie bylaag te praat. Kommentaar kan skriftelik binne die kleingroepe op die bylaag gelewer word. Daarna word Bylaag I behandel.

Die volgende voorstel rondom Bylaag I en J dien voor die vergadering en word die besluit van die vergadering naamlik:

1. *Dat die Konvent die eietydse kommentaar op die Belydenis van Belhar ontvang en bespreek.*
2. *Dat voorstelle om wysigings na die ad hoc kommissie vir verwerking verwys word.*
3. *Dat die Uitvoerende Komitee die konsep in Xhosa, Engels en Afrikaans finaliseer.*
4. *Dat die kommentaar aan deelnemende kerke beskikbaar gestel word vir gesprek oor die Belydenis van Belhar*.

Die voorstel rondom die verdeling van die belydenisgrondslag binne vyf konsentriese sirkels (besluit van NG Kerk in SA en Oos-Kaapland: Bylaag D se Bylae 1) dien voor die vergadering. Die Voorsitter, Pieter Grove, gee die vergadering die geleentheid om kommentaar op die voorstel te lewer. Daarna tref hy die reëling met die vergadering dat die bespreking rondom die belydenisgrondslag op Woensdag 23 Junie 2004 voortgesit sal word.

Die dag se verrigtinge word afgesluit met sang en gebed.

# WOENSDAG 23 JUNIE 2004

## Dagopening

Die dag se verrigtinge word geopen met samesang. Dieselfde Skrifgedeelte as die vorige dag word gebruik as Skriflesing. Nadat Lucas Plaatjie enkele opmerkings rondom die Skrifgedeelte gemaak het, kry die lede van die vergadering die opdrag om 'n vriendelike vreemdeling te vind met wie hulle oor die Skrifgedeelte kan gesels.

## 5.1 (Vervolg) Voortsetting van agenda: Belydenisgrondslag

Die Voorsitter, Pieter Grove, bedank Lucas Plaatjie vir sy aandeel aan die openingsgeleentheid. Daarna gee hy geleentheid dat die volgende voorstel voor die vergadering dien:

### 5.1.1 Besluite in verband met die Belydenis van Belhar

- *Die Konvent vir Eenheid neem kennis van die Sinodes van Wes- en Suid-Kaapland en Oos-Kaapland se suggestie ten opsigte van 5 konsentriese kringe vir die belydenisgrondslag.*

- *Die Konvent stel die volgende in die plek daarvan voor as buitelyne vir 'n Kerkorde artikel oor die belydenisgrondslag van 'n nuwe herenigde kerk:*

1. *In die belydenisgrondslag van die nuwe herenigde kerk is die Belydenis van Belhar 'n volwaardige vierde belydenis saam met die Drie Formuliere van Eenheid, die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.*

2. *Dit impliseer dat van predikante en proponente van die nuwe herenigde kerk verwag sal word om hierdie belydenisgrondslag te onderteken.*

3. *Indien gemeentes en predikante met eenwording nie dadelik gereed voel om Belhar as belydenisskrif te aanvaar nie, word voorgestel dat 'n pastorale pad van gesprek en begeleiding met die oog op die aanvaarding van die belydenis gevolg word.*

4. *Die Konvent spreek die wens uit dat sover moontlik alle lidmate van die familie meegeneem sal word op die pad van eenwording. Ons versoek die kerke om alles in hul vermoë te doen om dit te bereik juis omdat die Woord van God ons oproep om die eenheid van alle gelowiges te bewaar en te koester.*

5. *Ons beveel aan dat bogenoemde besluite via die moderamen/sinodale kommissie van die sinodes wat lede is van die Konvent vir Eenheid aan die Algemene Sinodes van die NG Kerk en die VG Kerk voorgelê word vir goedkeuring en implementering.*

Die volgende amendement rondom punt 2 dien voor die vergadering, maar word nie die besluit van die vergadering nie:

*Dat die woord "predikante" uit punt 2 gehaal word en indien dit so aanvaar word moet punt 3 geskrap word.*

Die volgende amendement word op punt 3 voorgestel, maar nie deur die vergadering goedgekeur nie:

***Nota:*** *Die Konvent beveel aan dat ruimte gelaat word vir die proses van aanvaarding om aan alle lidmate die geleentheid te gee om die belydenis toe te eien. Hierdie proses vind ooreenkomstig die artikels van die betrokke kerkorde plaas wat ruimte maak vir persone wat vanweë gewetensbesware hulself nie aan bepaalde besluite van die kerk gebonde kan ag nie. Diesulkes staan onder die verpligting om hulself teenoor die kerk te verantwoord en/of die kerk van die meriete van die oortuiging te oorreed. As die kerk die meriete van enige voorlegging in hierdie verband aanvaar, moet die kerk dienooreenkomstig die standpunte oor die onderhawige saak verstel. As die kerk egter nie meriete van enige beswaar aanvaar nie, moet individue hulle aan die besluit van die kerk onderwerp. Die proses veronderstel enersyds dat 'n belydenisskrif nooit opsioneel kan wees nie, en andersyds dat die kerk 'n pastorale weg van begeleiding moet volg om aan alle lidmate die geleentheid te gee om die belydenis toe te eien.*

Voorsteller: Danie Nel
Sekondant: Robert Nicholas

Die oorspronklike voorstel word in die kleingroepe bespreek en word die besluit van die vergadering

**5.2 Model vir 'n verenigende kerkverband**

Die Voorsitter, Hansie Schutte, vra die drie Aktuarii om bylaes C, D, F, G en L aan die vergadering voor te hou. Daarna kry die kleingroepe geleentheid om te luister na die ervaring van lede van die VG Kerk oor hulle eie pad van vereniging met besondere verwysing na die model wat gevolg is.

**5.2.1 Voorstel model vir kerkeenheid**

Die volgende voorstel oor ‘n model vir kerkeenheid dien voor die vergadering en word die besluit van die vergadering:

1. *Die gewone presbiteriale struktuur van 'n gemeente, ring, streeksinode en algemene sinode word gevolg.*
2. *Ten opsigte van gemeentes word 'n spontane proses van herrangskikking voorgestel waarby plaaslike omstandighede en geleenthede 'n sterk rol sal speel – met die onderneming dat gemeentes nie van buite in prosesse ingedwing sal word nie. Plaaslike kerkrade behou dus die besluitnemingsbevoegdheid oor die inrigting van die plaaslike gemeente. In die besluit word rekening gehou met die unieke aard van gemeentes.*
3. *Vanaf gemeente tot algemene sinode vorm dit organies een kerkverband.*
4. *Streeksinodes en ringe moet toesien dat strategieë uitgewerk word om gemeentes nader aan mekaar te bring, asook strategieë vir die vorming van nuwe gemeentes.*
5. *Die model moet rekening hou daarmee dat bydraes van ander rolspelers in die familie van kerke noodwendige invloed sal hê in die formulering van toekomstige eenheidsmodelle.*

Voorsteller: Hannes Theron
Sekondant: Mary-Ann Plaatjies

### 5.2.2 Voorstel strategiese proses vir kerkeenheid

Die volgende voorstel rondom ‘n taakgroep vir die strategiese proses vir kerkeenheid word aan die vergadering voorgehou en deur die vergadering goedgekeur:

*Die Konvent vir Eenheid 2004 versoek die UK van die konvent om ‘n gesamentlike taakgroep van 6 lede (2 uit elke deelnemende kerk) saam te stel met die opdrag om:*

- *Strategieë in opdrag van die die UK te ontwikkel wat die proses vir hereniging binne die bepaalde kerkregtelike en gemeenteregtelike riglyne kan stimuleer;*

- *Beskikbaar te wees vir die uitkringende gesprekke en onderhandelings oor die eenwordingsproses wat op plaaslike vlak in die streek gevoer word.*

Voorsteller: Hannes Theron
Sekondant: Mary-Ann Plaatjies

## 5.3 Die pad vorentoe

### 5.3.1 Vergaderings en gesprekke dwarsdeur streek

Die volgende voorstel dien voor die vergadering en word die besluit van die vergadering:

*Omdat die eenwordingsproses nie net gaan om die aanvaarding van standpunte nie, maar ook oor die meeneem van mense, beveel die Konvent dringend aan dat vergaderings en gesprekke soos wat ons hier meegemaak het, dwarsdeur die streek gehou word op rings- en gemeentevlak. Spanne moet gevorm word wat met die reëlings en fasilitering van die vergaderings kan help.*

*Ons stel voor dat by die vergaderings twee sake op die agenda sal wees nl **a)** die taak roeping van 'n verenigende kerk in SA en **b)** die eenwordingsproses in die familie. Ons is oortuig dat ons moeilik met die eenwordingsproses gaan vorder as ons nie duidelik verstaan watter groot dinge die Here kan doen met 'n verenigende kerk in SA nie.*

### 5.3.2 Toestemming aan streeksinodes

Die volgende twee voorstelle dien aanvullend tot mekaar voor die vergadering oor die toestemming aan streeksinodes en word die besluit van die vergadering:

*Voorstel 1*
*Die Konvent versoek die UK om die moontlikheid te ondersoek dat, op pad na nasionale kerkhereniging en veral indien kerkhereniging op nasionale vlak te lank neem, die Algemene Sinodes van die deelnemende kerke genader word om toestemming te verleen tot eenheid in Kaapland tussen die deelnemende kerke van die Konvent, steeds met behoud van die algemene sinodale verband van die onderskeie kerke. Daar is reeds gereformeerde kerke wat volgens hierdie model funksioneer.*

Voorsteller: Hannes Koornhof
Sekondant: Chris van Wyk

*Voorstel 2*
*Die konvent besluit om by die algemene sinodes van die VGK en NGK aan te beveel dat:*

1. *die strukturele eenheid van die NG Kerk-familie so spoedig moontlik gevestig moet word.*
2. *aangesien strukturele eenheid op algemene sinode vlak noodwendig ‘n langsamer proses is, streeksinodes wat daarvoor gereed is, wel struktureel met mekaar kan*

*verenig as sinodes sonder om die bestaande kerkverbande prys te gee. Die bedoeling hiermee is ook om die herenigingsproses op algemene sinode vlak te bevorder.*

*Die konvent bly toegewy aan die ideaal van die algehele hereniging van die NGK-familie.*

Voorsteller: Johnny Hartney
Sekondant: Averell Rust

### 5.3.3 Beroep op leierskap

Die volgende voorstel oor ‘n beroep op leierskap dien voor die vergadering en word die besluit van die vergadering:

*Die Konvent neem kennis daarvan dat die kerkeenheid, veral op nasionale vlak, gestrem word deur die onvermoë van die verskillende kerke in die familie van NG Kerke om mekaar te vind.*

*Die Konvent doen ‘n oproep op die leierskap van die VGK, NGK, RCA en NG Kerk in Afrika om nie in die eerste plek aan hul eie belange te dink nie, maar aan die van ander. Daarom versoek die Konvent die leierskap om alles in hul vermoë te doen om mekaar tegemoet te kom en te akkommodeer sodat ons gesamentlik tot eenheid kan kom.*

Voorsteller: Koosie Delport
Sekondant: Bernard Combrink

## 6. AFSLUITING

Hannes Koornhof bedank die persone en gemeente wat by die administratiewe en logistieke reëlings van die Konvent betrokke was. Nadat die vergadering in samesang voorgaan, lees Lucas Plaatjie uit Lukas 24:13 ev. Frederick Marais lei die vergadering rondom die deel van die vrede van Christus met mekaar. Daarna kry die drie moderatore geleentheid om elkeen ‘n slotwoord tot die Konvent te spreek. Die kleingroepe deel daarna brood met mekaar. Die drie moderatore steek elkeen afsonderlik ‘n kers aan en daarna word die seën uitgespreek.

Die vergadering verdaag.

**Voorsitters**: Hansie Schutte ……..
Pieter Grove ……..
Hannes Koornhof ……..

**Skriba:** Monty Sahd ……

**Datum:** ……